



Pitte se Tuinhoekie

deur Herman du Plessis

Versorging van die grasperk

Nou anderdag wanneer; hier middel Augustus, kom ek daar by Pitte aan terwyl hy in sy tuin doenig is. Man, dit was 'n vreeslike bedrywigheid soos die man daar tekere gaan. Ek moet erken ek was dalk 'n bietjie ontydig met my kastige gekuiery daar by hom, maar dis oor ek weet hy is Saterdag in sy tuin besig behalwe as die Bokke of die Bulle iewers speel. Die Bulle speel elkgeval nou so vrot dat ek dit ook oorweeg om Saterdag maar liever te probeer tuinmaak. Maar ek gaan kuier toe daar oor ek wil sien wat hy alles aanvang.

“Kry vir jou 'n spitvurk, Mannie,” sê hy vir my. “Jy laat die wêreld net deurmekaar lyk as jy so met jou hande in die sakke staan.” Sê hy vir my nogal; verbeel jou! Ek vat toe maar die spitvurk. “Raait, nou het ek die spitvurk,” sê ek, “nou wat maak ek daarmee?” “Ek het gistermiddag die gras kort gesny en lekker natgemaak. Ons gaan dit nou goed *spike* voordat ek kunsmis gaan gooi. Al die dooie wintergras is nou weg. Begin jy doer.” Ek sien Pitte se gras is nie regtig dood soos in dood nie en ek vra hom: “Tjom,” sê ek, “Jy sê die dooie wintergras is weg, maar jou gras lyk vir my nog redelik groen vir die tyd van die jaar.” Pitte steek sy spitvurk in die grond in. “Kyk ou Mannie, daar is 'n paar geheimpies wat ek oor die jare opgetel het. Kom sit hier dan vertel ek jou. Jy is elkgeval so onhandig met daai spitvurk. Jy gaan netnou jou voet in die gras vassteek as jy nie oppas nie.” Ons gaan sit plat op die gras.

“Kyk,” begin Pitte, “baie mense sal dalk van my verskil, maar ek maak regdeur die Winter my gras nat al groei dit nie eintlik nie. Nou nie so gereeld soos in die Somer nie. Net so een keer per week is genoeg. En ek sny dit ook glad nie soos in die Somer nie. Ek het hierdie hele Winter my gras maar twee keer net so effens *gebrush* sodat dit nie te woes begin lyk nie. Die effense mat wat hy maak is dan daar om die lote en ander blaartjies wat wel vorm te beskerm teen koue. Ander mense sê die gras moet rus, maar ek sê weer die gras vat langer om aan die gang te kom in die Lente as dit glad nie water kry nie. En weet jy, al groei die gras nie eintlik bogronds nie, is die wortels baie aktief. Daar onder die grond groei die wortels en soek nuwe kos dat, wanneer die Lente aanbreek, die gras in sy groeikurwe is en dan met mag en mening nuwe lote stoot, nuwe blare maak en groei vir die vale. As die grond droog is gaan die wortels in 'n tipe *stres mode* in en dan is dit asof hulle half inmekaartrek om te oorleef. Wanneer hulle dan water kry in die Lente, dan begin hulle eers die werk doen wat hulle al in die Winter moes gedoen het en gevolglik is daardie gras weke agter met die groeiproses. Die hele siklus is dan deurmekaar.”

“Nou behalwe die *spike* storie en dat jy jou gras in die Winter natmaak, wat doen jy nog?”

“Mannie, kom ons begin by die nou. Dit wat jy hier sien. Kyk, ek *spike* die gras vir twee redes. Eerstens gee ek die onderste groei 'n bietjie lug. En tweedens kan die kunsmis 'n bietjie dieper gaan lê. Daar naby

die wortels. As dit net so bolangs lê, dan verdamp party van die voedingstowwe in die lug en 'n kleiner hoeveelheid bly oor om te werk. As ek nou klaar die gras *gespike* het, dan strooi ek 'n goeie dosis 2:3:4 kunsmis en ek maak dit weer goed nat." "Nou wat van topping? Hoekom gooi jy nie topping soos ander mense nie?" val ek hom in die rede. "Topping is net vir nuwe grasperke wat dalk ongelyk is nadat dit geplant is. Of dalk wanneer die grond nie reg en deeglik voorberei was voordat dit geplant was nie.

Die groot geheim van tuinmaak lê in die voorbereiding van die grond. As jy daar afskeep is dit soos wanneer 'n huis op 'n fondasie staan wat nie die gewig van die mure kan dra nie. Uiteindelik val alles inmekaar. Nee wat, 'n goeie dosis kunsmis is al wat jy einlik nodig het as al die ander goed reg gedoen was van die begin af. En pasop om jou gras te gou te sny nadat jy kunsmis gegooi het. Sny liewers sonder die bak, anders gaan die masjien al jou kunsmis opsuig en sit jy met baie vrugbare grassnysels wat jy gaan weggooi as jy nie dalk jou eie kompos maak nie." "En verder? Wat doen jy nog?" "Hier teen Oktobermand gooi ek weer 'n goeie dosis MAP. Dis die enigste fosfaat wat bogronds toegedien kan word. Superfosfaat werk net as dit in die grond naby die wortels lê en Beenmeel hou ek nie van nie. Die vetterigheid lok baie keer miere en as jy 'n hond het wat lief is vir gate grou, gaan jy les opsê soos wat die hond agter die been aan grawe wat hy iewers in die aarde onder sy voete ruik. Nee wat, van beenmeel bly ek maar weg. Behalwe dat die fosfaat wortelgroei bevorder, produseer dit 'n stysel in die blaar wat die gras beskerm teen uiterste temperature. Dit beskerm hom teen Desember/Januarie se kwaai hitte en Junie/Julie se winterkoue. Daarom gooi ek teen Februarie se kant weer 'n dosis MAP, want dan is dit beskikbaar vir nuwe wortelontwikkeling in die winter en die produksie van stysel vir sy Winterkombersie." "Man," sê ek, "dis nou flippen interressant. Wat doen jy nog?" "Nee jy sien, ek gooi nou die 2:3:4, Oktober gooi ek die MAP, hier einde November gooi ek 'n bietjie Amonium Sulfaat. Nie te veel nie, anders

gaan jy nie voorbly met grassny nie. Die Amonium Sulfaat is 'n stikstof wat blaargroei bevorder en dit gee jou gras daardie donkergroen kleur. Jy kan Ureum of KAN ook gooi, maar ek glo aan Amonium Sulfaat. Tussendeur gee ek net water en sny gereeld. Middel Januarie gee ek weer MAP en 'n ligte dosis 2:3:4 vir die kort groeiperiode van Februarie. Hier teen Maartmaand val die groeikurwe skerp en begin die gras regmaak vir die Winter." "Nou waar kry mens al die goed?" "Ag, ek ry Ko-öperasie toe. Die kwekerye hierlangs hou ook misstof aan maar ook nie alles wat ek soek nie. So tussen die kwekerye en die ko-öperasie kry ek alles wat ek wil hê." "Wat van die tabakstof wat partykeer hier langs die pad verkoop word?" Pitte gee 'n groot woord. "Bly weg ou Mannie!! Bly vêr weg. Daai goed is nie 'n geregistreerde misstof nie. Ek het al duur skoolgeld betaal met daardie goed. Nee, bly baie vêr weg!

"En onkruid in die gras?" "Die natuur probeer homself altyd self rehabiliteer en hy begin dit te doen deur die vestiging van onkruid. Dit baan die weg vir ander goed soos veldgrasse en voor jy jou kom kry, is daar niks van jou gras oor nie. As jou gras geil groei en dit ervaar nie stres nie, sal die onkruid vêr weg bly. Maar sodra die gras begin swaarkry, sal die onkruid begin verskyn. Dan moet jy maar met die hand die onkruid uittrek, of, as dit baie is, moet jy maar 'n breëblaar onkruiddoder by jou kwekery gaan koop en dit spuit. Ek meng altyd 'n bietjie Sunlight Liquid by sodat die mengsel beter klou en nie sommer van die onkruid afrol nie. Suring, onderandere, het 'n waslagie wat verhoed dat die onkruiddoder kleef, en die seep breek daardie waslagie af. Die beste tyd om onkruid te bespuit is wanneer dit in sy aktiewe groeistadium is en op 'n windstil dag."

"Wag, laat ek opstaan," sê ek. "Ek wil gaan kyk wat gaan daar in my erf aan." My kop gons. Ek kreun toe ek opstaan. Tuinmaak is nie net 'n plaat kweek en drie kannas nie, lyk dit vir my!